

20

MY TAAL

Ek kies my woorde reg

ALGEMENE DOELSTELLING

Ons moet beseef kinders van God word geken aan hul taalgebruik, daarom moet ons ons woorde reg kies.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- hulle nie God se Naam mag misbruik nie.
- vuil taal en vloektaal nie pas by kinders van God nie.
- ons God deur goeie taalgebruik eer.
- ons deur ons taalgebruik verhoudings bou of afbreek.

Gesindheid

Die kinders moet –

- 'n afkeur aan vuil taal hê.
- die begeerte hê om net goed en opbouend te praat.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in staat wees om te onderskei tussen vuil en vloektaal en taal wat opbouend is.
- die keuse maak om vuil taal te vermy en net opbouend te praat.

MEER INLIGTING (Eksodus 20: 7; Efesiërs 4: 29)

Wanneer ons praat, sê ons baie van onself. Deur my taalgebruik kan ek ander die indruk laat kry dat ek nie 'n kind van die Here is nie. My taalgebruik kan 'n klad op my naam wees en 'n slegte getuigskrif van my agtergrond. Hoe ek my taal gebruik, kan my verhouding met mense rondom my beïnvloed. In die eerste plek kan dit getuig dat my verhouding met God nie reg is nie. Taalgebruik kan opbouend en mooi wees, of afbrekend en lelik. My taal kan maak dat

mense van my hou of nie. In baie gevalle is dit wat by my mond uitkom ook 'n weerspieëling van wat in my hart aangaan en wat ek dink. Dit wat die hart van vol is, loop die mond van oor.

Wanneer God deel is van my lewe, is dit belangrik dat my taalgebruik tot eer van God sal wees. Daarom leer die Bybel ons dat ons ons nie moet besig hou met vloektaal en vuil taal nie, maar dat ons eerder opbouend moet praat. Dit gebeur maklik dat ons aan vuil praatjies gewoon raak. Eers pla dit jou nie meer nie, en later begin jy self daaraan deelneem. Jy moet daarvoor oppas, want dit hoort nie tuis by kinders van God nie.

Wanneer ons mense bemoedig, wanneer ons mooi praat, bou ons ook mooi vriendskappe en verhoudings op. Wanneer jy met iemand anders mooi praat, sal daardie persoon goed voel en dieselfde teenoor jou optree. Ons wil nie vuil taal praat nie, want dit is nie tot God se eer nie. Omdat ons God se kinders is, wil ons uit dankbaarheid net goed sê wat mooi en opbouend is.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Muurkaart met Eksodus 20: 7 daarop:

*Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie,
want die Here sal die een wat sy Naam misbruik,
nie ongestraf laat bly nie.*

- 'n Muurkaart met Efesiërs 4: 29 daarop:

*Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie;
praat net wat goed en opbouend is...*

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle die volgende uit Les 17 kan onthou:

- Ek is gedoop *in die Naam* (van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.)
- *In die Vader se Naam* beteken (God die Vader gaan vir my sorg.)
- *In die Seun se Naam* beteken (Jesus het al my sondes afgewas.)
- *In die Heilige Gees se Naam* beteken (die Heilige Gees sal my troos en beskerm.)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ek is seker julle het al die een of ander tyd gehoor dat 'n maatjie of iemand anders lelike woorde sê. Dit kan party ouens omkrap, ander mense kan daarvoor lag en ander dink dit is reg.

Baie mense gebruik die Here se Naam as 'n vloekwoord, of as 'n kwaadweeswoord, of gebruik dit sommer maar net onnodig. Kom ons lees twee versies uit die Bybel waarin die Here vir ons duidelik sê wat ons nie mag sê nie.

IETS INTERESSANT

Kom ek lees vir julle Eksodus 20: 7 en Efesiërs 4: 29.

Julle hoor dat ons nie die Naam van die Here mag misbruik nie. Ons lees dat die een wat dit doen, nie ongestraf sal bly nie. Ons het ook gehoor dat ons nooit vuil taal mag gebruik nie, want dit pas nie by 'n kind van God nie. Ons moet net mooi en opbouende taal gebruik. Die manier waarop ons praat, kan maatjies nader trek, of as ons lelik praat, kan ons maatjies verloor. Niemand hou daarvan dat jy met hulle lelik praat nie. Ons praat ook lelik met ander as ons op hulle skel. Soms raak mense so gewoon aan vuil praatjies dat hulle dit nie eens meer agterkom nie, en later begin jy ook so maak.

Wanneer ons mooi praat en mense bemoedig, bou ons vriendskappe en goeie verhoudings. Jy sal agterkom dat wanneer jy mooi praat, ander ook met jou mooi sal praat. As mense mekaar vloek en lelik met mekaar praat, ontstaan daar dikwels 'n rusie en word dit baie onaangenaam. Dink net hoe lekker dit gaan wees as al die mense wat jy ken net mooi taal gebruik en vriendelik met mekaar is. Kom ons maak God se hart bly deur op te let hoe en wat ons praat.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Ons mag nie God se Naam misbruik om te vloek, as ek kwaad is of sommer net nie.
- As ek vloek en lelik praat of skel, kan ander dink dat ek nie 'n kind van die Here is nie.
- As ek ander mense vloek en lelik met hulle praat, kan dit ons kwaad maak vir mekaar.
- As ons mooi dinge vir mekaar sê, maak dit ons lief vir mekaar.
- As ek ander vloek en skel, is dit baie keer 'n bewys dat my hart en gedagtes boos is.
- Die spreekwoord lui: Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.
- My taalgebruik moet altyd tot eer van God wees.
- Dit gebeur maklik dat ons aan vuil praatjies gewoon raak en dit dan self doen.
- Wanneer ons mense bemoedig en mooi praat, bou ons ook mooi verhoudings op.

IETS OM TE DOEN

- Laat die kinders 'n paar keer Efesiërs 4: 29 saam hardop sê: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is...*
- Skets die volgende situasie aan die kinders:

Pieter sê iets baie lelik vir Marie en vloek haar. Wat sou julle sê moet Marie doen? Moet sy vir Pieter terugvloek en hom dalk 'n klap gee? Skryf in jou boek wat jy dink Marie behoort te doen.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders die volgende vrae beantwoord en die opdrag uitvoer:
 - Het iemand jou die afgelope tyd gevloek of sleggesê?
 - Wat is die persoon se naam?
 - As jy weer bid, vra die Here om die persoon te vergewe en hom of haar te help om op te hou met lelik praat.
- Laat hulle die volgende vraag gaan beantwoord: As jy die Here vra om jou te vergewe, wat behoort jy self ook te doen? (*Ek moet self ook vergewe.*)

Leer

- Laat hulle Efesiërs 4: 29 gaan leer: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is...*
- Laat hulle die volgende feite leer:
 - Ek mag nie God se Naam misbruik om te vloek, as ek kwaad is of somer net nie.
 - As ek vloek, kan ander dink ek is nie 'n kind van die Here nie.
 - As ek ander mense vloek, word ons kwaad vir mekaar.
 - As ons mooi dinge sê, word ons lief vir mekaar.
 - My taalgebruik moet altyd tot eer van God wees.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.